DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – AUGUSTUS 2010

Sondag 1 Augustus 2010

Die vrees van die Here bring YWER

Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe (**Matt.25:25**). Drie persone het verskillende verantwoordelikhede gekry, en elkeen het presies geweet watter soort man hulle baas was. Twee van hulle het met harde werk die taak wat die meester hulle opgelê het, uitgevoer en so rentmeesterskap uitgeoefen. Die ander een het weggeskram omdat hy bang was vir persoonlike ondergang. Die vrees van die Here lei tot 'n gewilligheid om te werk.

Om oor na te dink: Worstel jy met vrees dat jy die Here sal teleurstel? Dit gebeur met baie mense en verlam hulle wanneer hulle Sy opdragte wil uitvoer. Het jy al by geleentheid teruggetree i.p.v. vorentoe? Lê dit voor die Here en vra vergifnis en 'n verdere geleentheid om Hom heelhartig en sonder vrees te dien.

Gebed: Vader wat vergewe, ek bely dat ek dikwels emosioneel reageer en terugtree in situasies waar U my roep om dinge te doen. Vergewe my vir die kere dat my persoonlike gevoelens die bevordering van U koninkryk in gevaar gestel het. Leer my die vrees van die Here wat my opwek om die dinge te doen waarvoor U my roep.

Maandag 2 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: **Fotograwe**

Dit is nogal 'n aansienlike uitdaging vir fotograwe om 'n bestaan te kan maak. Party wend hulle tot ekstreme temas om hulle van ander fotograwe te onderskei. Nie almal hiervan is heilsaam nie. Bid asseblief vir fotograwe op alle terreine van die lewe, dat hulle Jesus sal vind. Vra dat hulle getuienis ook baie ander fotograwe sal beweeg om hulle lewens aan die Here Jesus oor te gee.

Gebedsfokus op die nasies: Costa Rica

Die Sentraal-Amerikaanse land Costa Rica het sy eerste vroulike president op 7 Februarie verkies. Sy is 'n pro-lewe-kampvegter. Die verkiesingsoorwinning in Costa Rica is 'n oorwinning oor internasionale agentskappe en pro-aborsiegroepe wat wil hê dat die land aborsie moet toelaat. (Webwerf: http://www.lifenews.com/int1459.html). Dank die Here vir hierdie deurbraak in antwoord op 'n spesifieke gebedsfokus op aborsie wat onlangs wêreldwyd gehou is. Die Here verhoor beslis die gebede van Sy mense. Bid dat die nuwe president van Costa Rica onwrikbaar sal bly staan by haar oortuigings en dat baie mense in die land hulle tot die Here Jesus sal bekeer.

Sluit aan by die *Citywide Watch* in Pretoria vir gereelde gebedsbyeenkomste

Ons wil jou uitnooi om saam met ons te kom bid as jy in Pretoria bly of beplan om Pretoria te besoek. Daar is 'n 24/7 gebedskamer in Lynnwood Manor in Pretoria by die kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*. Kom as individu, egpaar, gesin, kerkgroep of enige ander groep en bid saam met ons vir die kerk en die stad, ons land en ook vir die nasies van die wêreld. Gebedstye is ingedeel in verskillende gebedsgleuwe wat beskikbaar is vir diegene wat wil kom bid. Gebedsinligting is beskikbaar en kan in die gebedskamer gebruik word. Elke maand fokus ons op verskillende sake. Daar is verskeie 'gebedstasies' ingerig waar jy kan aanbid, die Woord kan lees, voorbidding kan doen of dankie kan sê. Daar is ook 'n wêreldkaart om jou te help om te bid oor internasionale gebeure. Oorweeg biddend of jy nie 'n gereelde gebedsgleuf moet neem waar jy weekliks voor God se troon van genade kan staan om te bid vir die dinge wat Hy op jou hart lê. Om meer uit te vind en 'n gleuf te boek, kontak asseblief vir Lana Botha by tel.: 012 365 3213 of 072 379 3842 of e-pos: pretoriawatch@jwipn.com. Jy kan ook by ons aansluit vir die maandelikse gebedsgeleentheid vir ons land (halfdag van gebed), gewoonlik op

'n Donderdag, 08:30 – 12:00 by die Jerigo Mure kantore, Pretoria. Hou ons webwerf, www.jwipn.com dop vir die beplande datums hiervoor of kontak Anneke by tel.: 012 365 3213 of e-pos: info@global24-7.org

---

Dinsdag 3 Augustus 2010

Gebedsfokus op moraliteit: Uitbuiting en mensehandel

Kaapstad toon 'n toenemende gewilligheid om op te tree teen prostitusie, bordele, koppeling en sekshandel. Baie prominente bordele in die stad wat hulle as skoonheid- en masseersalonne voorgedoen het, is reeds in Februarie toegemaak. Hierdie ondernemings is sonder lisensies bedryf. Nieteenstaande groeiende en geloofwaardige bewyse dat kwesbare tieners met valse en misleidende advertensies deur hierdie "salonne" in prostitusie ingelok word, gaan koerante steeds voort om hulle advertensies te publiseer en op dié manier bevorder hulle indirek prostitusie en sekshandel. (Family Policy Institute. Tel.: 021 462 7888 of faks: 021 462 7889. Webwerf: http://www.familypolicyinstitute.com/ of e-pos: info@familypolicyinstitute.com). Dank die Here vir die toemaak van ongelisensieerde 'salonne'. Bid dat die polisie voortgesette sukses sal hê in hulle pogings om wet en orde te herstel. Bid ook dat die eienaars van hierdie plekke 'n geleentheid sal kry om die Here Jesus te ontmoet. Bid dat koerante landswyd sal begin weier om advertensies van hierdie aard te plaas.

Gebedsfokus op die nasies: Moembaai in Indië

Moembaai het 'n totale bevolking van meer as 16 miljoen (2001-sensus). Dit is die finansiële hoofstad van Indië en die tuiste van die Indiese Bollywoodbedryf. Die stad is bekend vir sy lewenstandaard van uiterstes, 'n vinnige leefstyl en die skep (of verplettering) van drome. Daar is meer as 200 000 sekswerkers, tussen 70 000 en 200 000 melaatses en minstens 400 000 dwelmverslaafdes. In die sogenaamde "Vergete stad" woon mense geslagte lank in onmenslike omstandighede. (Church Planter. E-pos: ecichurchplanter@gmail.com). Hou aan bid vir werkers vir hierdie oes, dat die landsburgers oop en ontvanklik sal wees vir die evangelie en sal begin om op 'n praktiese manier verligting te bring in wanhopige omstandighede, veral vir die krotbewoners.

Woensdag 4 Augustus 2010

Gebedsfokus op gesondheid: Orgaanskenkersmaand

Daar is tans slegs ongeveer 30 000 geregistreerde orgaanskenkers in Suid-Afrika. Elke jaar sterf daar baie mense met gesonde organe. Een persoon se organe kan tot 15 lewens red. Daar is tans 1 400 pasiënte wat vir orgaanoorplantings en 3 000 wat vir kornea-oorplantings wag. Enige gesonde persoon kan 'n orgaanskenker word. (Webwerf: http://medical.bizcommunity.com/Article/196/148/38366.html). Dank die Here vir diegene wat 'n normale lewe kan lei as gevolg van 'n orgaanskenker. Bid dat meer lewens deur middel van orgaanskenkings gered sal word, en dat mense wat vir orgaanoorplantings wag, Jesus persoonlik sal ontmoet, en hulle lewens aan Hom sal oorgee. Bid egter ook dat God wondergenesings sal doen en dat mense nie jonk en onnatuurlik sal sterf nie.

Gebedsfokus op evangelisering: Dowes in Kenia

Daar is meer as 220 000 dowe Keniane, van wie die meeste nog nie die evangelie gehoor het nie. 'n Nuwe Bybelvertaling is 'n Bybel in gebaretaal, wat op DVD opgeneem is, sodat diegene wat doof of hardhorend is, in gebaretaal kan sien hoe iemand die Skrifte in hulle hartstaal uitspel! Nadat 'n persoon die gebaretaal-DVD tydens die inwyding gesien het, was hy só opgewonde hieroor dat hy wou weet hoekom dit nie al vroeër beskikbaar was nie. 'n Ander vrou het gevra dat sy Jesus daar en dan wou aanneem. (Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/13838). Dank die Here vir hierdie wonderlike deurbraak vir mense met gehoorverlies wat nou ook die evangelie kan 'hoor'. Bid spesiaal vir meer geleenthede vir ander gestremdes om die Here Jesus as Verlosser te leer ken.

Donderdag 5 Augustus 2010

Gebedsfokus op die evangelie: *Every Home for Christ Anglo-Africa (EHCAA)*

EHCAA, in vennootskap met *Disciple Nations Alliance*, is daartoe verbind om die kerk te dien m.b.t. die herstel van die Here se visie vir die nasies. Hulle probeer ook hande vat met die kerk om 'n tasbare betoning van Christus se liefde aan gebroke mense te wees. (Kontak: Hein van Wyk, *EHCAA/Hope for Africa*, Posbus 9463, Centurion, 0046. Tel.: 012 665 0343, faks: 012 665 0381, sel: 082 349 8465. Webwerf: http://www.ehcaa.co.za of e-pos: hein@ehcaa.co.za). Bid dat bedienings van hierdie aard met wysheid en nederigheid sal dien en suksesvol sal wees. Bid dat die Woord en gebed die grondslag van al hulle bedrywighede sal wees.

Gebedsfokus op gesondheid: Deurbraak met hepatitis C

Navorsers het twee sellulêre proteïene geïdentifiseer wat belangrike faktore by hepatitis C- virusinfeksie is. Dié ontdekking kan lei tot die goedkeuring van nuwe en minder toksiese behandeling vir dié siekte, wat tot lewerkanker en sirrose kan lei. 'n Geskatte 270-300 miljoen mense wêreldwyd word deur hepatitis C geaffekteer en die konvensionele behandeling (interferon en ribavirien) kan beduidende newe-effekte hê. (Webwerf: http://www.sciencedaily.com/releases/2010/01/100105100033.htm). Prys die Here vir deurbrake van hierdie aard. Hou aan bid vir die toetsing, produksie en verspreiding van hierdie medisyne. Bid dat wetenskaplikes die Here se bonatuurlike ingryping en openbaring in deurbrake in hulle werk sal erken.

Vrydag 6 Augustus 2010

Gebedsfokus op onderwys: Meer gaan skool toe en voltooi hulle skoolloopbaan

Die persentasie Suid-Afrikaanse kinders in primêre skole het sedert 2002 aansienlik gestyg. Die getal leerders wat graad 12 voltooi het, het ook gestyg: van 22,8% in 2002 tot 24,6% in 2008, terwyl die proporsie volwassenes met geen formele onderrig nie oor dieselfde tydperk van 10,3% tot 8,8% afgeneem het. Onder kinders 7 jaar en ouer, is 'n tekort aan geld steeds die algemeenste rede waarom hulle nie skoolgaan nie. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/benchmarking_progress/life_gets_better_for_south_africans.html). Dank die Here dat Hy gebede beantwoord vir die kinders van ons land. Moenie moeg word om kinders aan Hom op te dra nie, veral dat al hoe meer kinders die geleenthede en finansies vir behoorlike onderwys sal hê.

Gebedsfokus op die nasies: Haïti se skuld kwytgeskeld

Die *G7* (Groep van Sewe Lande) het Haïti in kennis gestel dat geen skuld aan hulle terugbetaal hoef te word nie. Daar word verwag dat ander lande dieselfde sal doen. (Webwerf: http://www.sabcnews.com/, Februarie 2010). Dank die Here vir hierdie ondersteuning aan die mense van Haïti. Bid steeds dat ander lande hulle betrokkenheid by die her-opbou van Haïti oor die volgende vyf jaar sal voortsit.

Saterdag 7 Augustus 2010

Gebedsfokus op lewensomstandighede in Suid-Afrika

Suid-Afrikaners se lewensomstandighede is stelselmatig besig om te verbeter, volgens Statistiek Suid-Afrika se jongste *Algemene Opname van Huishoudings*, wat verbeterde skoolbywoning en die besit van huise, televisiestelle en selfone aandui. Toegang tot elektrisiteit en behoorlike sanitasie het ook verbeter, alhoewel verskaffing van kraanwater agterweë bly. Die getal Suid-Afrikaners wat maatskaplike toelaes van die staat kry, het meer as verdriedubbel sedert 2002.

(Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/benchmarking_progress/life_gets_better_for_south_africans.html). Dank die Here vir die beantwoording van duisende gebede oor die afgelope 10 jaar. Volhard met gebed dat lewensomstandighede in Suid-Afrika op alle terreine sal bly verbeter. Bid spesifiek dat almal in SA daagliks minstens een goeie maaltyd sal geniet.

Gebedsfokus op landbou: Koffieboon-siekte in Oos-Afrika
'n Vernietigende siekte by koffiebome die afgelope 10 jaar kon uiteindelik onder beheer gebring word danksy die ontwikkeling van variëteite wat daarteen bestand is. Die siekte (koffieverwelksiekte) word deur 'n fungus veroorsaak en kom voor in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Ethiopië, Tanzanië en Uganda. Dit vernietig bome en infekteer ook die grond vir maande. Nuwe variëteite kan binne die volgende jaar aan boere verskaf word. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/news/fight-against-coffee-disease-gathers-strength.html). Dank die Here vir Sy genade dat nuwe koffievariëteite ontwikkel kon word en mense hulle werk kon behou. Bid dat die boere vertroue in die nuwe variëteite sal hê en dit sal aanplant. Bid ook dat kinderarbeid in die koffieplantasies gestop sal word.

Sondag 8 Augustus 2010

Die vrees van die Here bring VRYMOEDIGHEID

Iemand wat die Here vrees, het niks om weg te steek nie. Om die Here te vrees beteken om met respek en vrymoedigheid na die Genadetroon te gaan en aan Hom die heerlikheid, eer, ontsag, danksegging, lof en aanbidding te gee wat Hom toekom. Jy haat wat Hy haat en jy het lief wat Hy liefhet. Jy begeer om volgens die waarheid te lewe (**Ps. 51:6**).

Om oor na te dink: Hoe sal jy voel as die Here regoor jou in die sitkamer kom sit? Is daar iets waaroor jy skaam voel? Enigiets? Dinge waaroor jy nog nooit met Hom gepraat het nie? Skryf hierdie dinge neer sodat jy nie sal vergeet om daaroor te bid nie. Neem tyd om op die Here te wag. Wees eerlik met Hom oor al die besonderhede. Omdat Jesus betaal het, kan jy met vrymoedigheid na die troon van genade gaan.

Gebed: Vader, God wat my geskep het, dankie dat U my dinge gewys het wat tot nou toe nie vir my belangrik gelyk het nie. Dankie dat U my leer om met vrymoedigheid oop en eerlik met U te wees.

Maandag 9 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: Filmvervaardigers
Daar is 'n hele aantal filmmaatskappye in Suid-Afrika. Dra elke filmvervaardiger deur gebed aan die Here op en bid vir hulle redding. Bid dat hulle professionele, suiwer en opheffende films, stories en dokumentêre sal vervaardig wat die Here sal eer. Bid ook dat daar godvresende mentors vir hulle sal wees.

Gebedsfokus op vroue: Nasionale Vrouedag
Bid asseblief vir die Vrouedagvierings vandag, dat die eer nie mense sal toekom nie, maar na die Here sal gaan vir Sy invloed in vroue se lewens. Vra dat vroue hulle vertroue in die Here sal stel, en bid vir praktiese deurbrake rakende genderkwessies. (Vir meer inligting oor hoe om vandag 'n rol te speel, skakel: National Women's Day *Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884, Webwerf: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Dinsdag 10 Augustus 2010

Gebedsfokus op genderkwessies: Verteenwoordiging in die parlement
Vroueverteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse nasionale vergadering het opgeskuif na 45% sedert die 2009-verkiesing, wat Suid-Afrika derde in die wêreld plaas met betrekking tot vroue in die parlement (Rwanda 56% en Swede, 47%). (Webwerf:
http://www.sagoodnews.co.za/benchmarking_progress/sa_is_ranked_3rd_for_womens_representation_in_parliament_.html). Bid asseblief dat hierdie vroue hulle invloed op 'n wyse sal aanwend wat die land werklik tot voordeel sal strek. Hou aan bid vir die redding van vroue in die parlement.

Gebedsfokus op evangelisasie: *FEBA Radio* in Kenia
Baraka FM doen uitsendings in Mombasa, Kenia, waar konflik tussen Christene en Moslems heers. Die stasie speel 'n groot rol in die oplossing van konflik deur die strydende partye bymekaar te bring vir betekenisvolle samesprekings. Bid asseblief vir ons produksiespan wat baie moeite doen om te verseker dat luisteraars behoorlik aan Jesus Christus bekend gestel word. (*FEBA Radio SA*. Tel.: 012 335 5708/764. Webwerf: www.febaradio.co.za of e-pos: jpotgieter.febasa@corpdial.co.za).

Ramadaan 11 Augustus – 9 September 2010

Hierdie oproep tot gebed vir Moslems het oorspronklik ontstaan tydens 'n vergadering van Christenleiers in die Midde-Ooste in 1992. Verskeie gelowiges het sterk gevoel dat dit die Here se begeerte is dat soveel Christene as moontlik vir die Moslemwêreld moes bid. 'n Gebedsbeweging is beplan wat sou saamval met die vasmaand Ramadaan wat 'n volledige maansiklus volg. (In 2010 vind dit plaas vanaf 11 Augustus tot 9 September). Daar is minstens twee redes waarom die "30 dae" in die maand Ramadaan moes val: (1) sodat Christene gedurende 'n vasgestelde tyd in die jaar met Moslems kan identifiseer, (2) om die Here aan te roep vir 'n Goddelike ingrype in die lewens van Moslems gedurende hierdie tyd van die jaar wanneer hulle besonder godsdienstig is. Let asseblief daarop dat ons gebede vir hulle gedurende die maand Ramadaan nie beteken dat ons konformeer met Moslemgewoontes van vas en gebed nie. As gelowiges in Jesus stem ons nie saam met Islamitiese idees, teologieë en gewoontes nie. Die "30 dae" beweging beklemtoon God se liefde vir die Moslems. Ons moedig alle gelowiges aan om 'n gees van nederigheid, liefde, respek en diensbaarheid teenoor Moslems te toon. Vir meer inligting besoek asseblief *The 30-Days Prayer Network*. Webwerf: http://www.30-days.net

---

Woensdag 11 Augustus 2010
Gebedsfokus op gesondheid: TB-entstof vir MIV lyk belowend
Navorsers het die resultate van kliniese toetse gerapporteer wat getoon het dat 'n nuwe entstof – Mycobacterium vaccae (MV) – effektief is in die voorkoming van tuberkulose by mense wat MIV-positief is. Tuberkulose is die hoofoorsaak van sterftes in MIV-gevalle in ontwikkelende lande. Aangesien nuut-geïnfekteerde MIV-persone die risiko loop om feitlik onmiddellik tuberkulose op te doen, is die strategie immunisering met MV voordat dit vir pasiënte nodig is om met antiretrovirale middels te begin. (Webwerf: http://www.health-e.org.za/news/article.php?uid=20032633). Dank die Here vir hierdie deurbrake. Bid asseblief dat navorsing sal voortgaan en dat baie lewens gespaar sal word as gevolg van hierdie uitvindings. Bid dat wetenskaplikes die Hand van die Here in hulle daaglikse werk sal sien en dat baie Sy aangesig sal soek.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 1: Omtrent verhoudings met Moslems soos dié van Jesus
Bid dat wanneer Christene met Moslems in gesprek tree, hulle dit sal doen op grond van die kernopvattings van die Christelike geloof, en dit nie sal wegsteek of verklein nie. Bid dat hulle onbeskaamd Jesus Christus, die Essensie van die evangelie, sal verteenwoordig (**1 Kor.2:2**). Die boodskap moenie verwar word met die algemene Christendom, patriotisme, kultuur of beskawing nie. Bid dat hulle woorde en getuienis net die woorde en getuienisse vanuit die Skrif sal gebruik (**Matt.12:36, Eks.20:16, Matt.7:12, Matt.22:39**). Bo alles, bid dat Christene met omsigtigheid en wysheid sal getuig, maar nie sal huiwer om van elke geleentheid gebruik te maak nie (**Kol.4:5, Jak.3:17-18**). 'n Christen moet alle mense met agting behandel en nooit 'n gespreksgenoot aanval nie (**1 Pet.3:15**).

HOE KAN EK GEDURENDE RAMADAAN BID?

Oor die volgende paar weke kan jy, soos wat die Here jou lei, op verskillende maniere vas en bid. Sommige dae sal vyf minute al wees wat die Here van jou vra en soms sal jy miskien gelei word om vir baie langer tye te bid. Jy kan hierdie boekie gedurende jou eie gebedstye gebruik, of wanneer jy saam met ander bid. Jesus het spesiale beloftes van seën gegee vir Christene wat as 'n groep saamstem wanneer hulle bid (**Matt.18:20**). *Gebruik jou*

Bybel soveel moontlik wanneer jy bid. Ons het dwarsdeur die boekie verskeie Bybelverwysings ingesluit. Dit sal goed wees om oor hierdie teksverse te dink en dit ook in jou gebede uit te spreek. Proklameer dit voor die Here. Dit sal jou geloof versterk en vir jou nuwe insigte gee wat op Sy Woord gebaseer is.

Ons moedig jou aan om kreatiewe maniere te vind om soveel as moontlik mense by hierdie gebedsfokus te betrek: 1) Jy kan byvoorbeeld weeklikse byeenkomste reël of twee keer per week bymekaar kom oor die 30 dae periode saam met jou kerk, jou jeuggroep, selgroepe of kindergroepe, of 2) nooi bv. vriende en kennisse uit vir 'n spesiale ete by jou huis rondom die gebedsonderwerp van die dag. 3) Jy kan ook bv. soveel moontlik uitvind oor 'n spesifieke Moslemkultuur, hulle kos, kleredrag, musiek, ens.

RIGLYNE: Dit is beter as een persoon gekies word as die leier/fasiliteerder van die groep. (Hierdie persoon kan leiding gee en groepsgebondenheid bewerk.) Dit is altyd goed as die groep hulle gebede fokus op een onderwerp op 'n slag en nie tussen onderwerpe rondspring nie. Elke persoon moet eers 'n bietjie wag voordat hy na 'n ander onderwerp oorgaan om sodoende vir elke bidder 'n kans te gee om klaar te bid oor 'n spesifieke onderwerp (**1 Kor.14:40**).

God is kreatief en Hy het ons na Sy beeld geskape. Ons kan dus nuwe idees verwag wanneer ons na Hom soek. Die Heilige Gees sal jou lei (**Rom.8:26**).

VRAAG: *Jesus het gesê: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Is my idees oor en gesindheid teenoor Moslems in lyn met hierdie opdrag?* (*The 30-Days Prayer Network*. Webwerf: http://www.30-days.net/).

Donderdag 12 Augustus 2010

Gebedsfokus op gemeenskapsopheffing: *Valcare Trust*

Valcare Trust is 'n nie-winsgewende Christelike organisasie wat ten doel het om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle tree op as 'n inligtings- en netwerkorganisasie, wat hulle dienste aanbied aan projekte, kerke of organisasies, besighede en ander diensverskaffers. Dank God vir mense wat op hierdie manier uitreik om die fisiese omstandighede van mense in die Paarlvallei te verbeter. Bid dat meer mense betrokke sal raak en dat praktiese oplossings gevind sal word. (*Valcare Trust*, 2 Louie Straat, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webwerf: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 2: Vriendskappe met Moslems

Gesprekke tussen Moslems en Christene bied ons die geleentheid om Moslems te verstaan, verhoudings te bou, betrokke te wees, vrede te maak en ons geloof te deel. Bid dat Christene daarna sal strewe om die evangelie met respek en vrymoedigheid met ander te deel, sonder kompromie – net soos Paulus met mense "geredeneer" het (**Hand**.**17:2, 17**). Die bediening van versoening is aan ons toevertrou (**2 Kor.5:18-19**). Bid dat Christene wat by die bediening onder die Moslems betrokke is, deurbrake sal beleef met die maak van dissipels, ook onder hierdie kosbare groep mense. Bid dat hulle die genade sal ontvang om opofferend lief te hê en vrede te bewerkstellig. Bid vir spesiale geleenthede om gedurende die volgende 30 dae Jesus se liefde met Moslems te deel.

Vrydag 13 Augustus 2010

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat in die verskillende kantore van *Jerigo Mure Gebedsnetwerk* in die land werk. Bid vir die wat werk met die webwerwe, databasis, finansies, die wat artikels skryf, seminare aanbied, briewe, e-posse en telefoon-oproepe beantwoord, diegene wat aan gebedsreise deelneem, ens. Vra die Here se beskerming vir hulle en hulle gesinne, en veral vir hulle kinders, en vir krag en gesondheid. Bid ook dat die Here in

hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Bid dat die druk en verspreidingsproses hierdie maand glad sal verloop, want die volgende *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* sal binne die volgende 10 dae gepos word. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 3: Die Muezzin

Regoor die Islamitiese wêreld roep mans wat 'muezzin' genoem word, vyf keer per dag ander op tot gebed met ’n luidspreker uit ’n minaret (toring) wat langs die moskee staan: teen dagbreek (fajr), twaalfuur die middag (dhuhr), in die namiddag (asr), teen sonsondergang (maghrib) en as dit donker word (isha’a). Op Vrydae (soos vandag) is alle manlike Moslems veronderstel om die twaalfuurgebedstyd by te woon – dit gaan gewoonlik gepaard met ’n preek. Soms word opnames gebruik, maar hulle verkies ’n lewende stem. In die Weste en in nie-Islamitiese lande mag die muezzin dikwels net die oproep oor die radio of in die binnehowe van plaaslike moskees maak, omdat wetgewing indringende geraas verbied. *Soos met alle openbare figure, bv. leraars en politici, is eie eer en prestige vir sommige muezzin 'n versoeking. Bid vandag vir die muezzin in jou eie land en oral ter wêreld, dat hulle ’n persoonlike ontmoeting met die lewende God deur Jesus Christus sal hê. Bid dat Moslems, te midde van baie 'stemme' en boodskappe, God se stem, deur die werking van die Heilige Gees, sal hoor.*

Saterdag 14 Augustus 2010

Gebedsfokus op die Woord: *Precept Ministries SA*

Precept Ministries is ’n bediening wat tot stand gebring is om mense toe te rus om die Woord te bestudeer. Hulle visie is om mense van alle ouderdomme wêreldwyd te bereik. Bid asseblief saam met hulle waar hulle besig is om *Precept Ministries* se studiemateriaal in Afrikaans en Afrikatale te vertaal. Bid dat God self die pad vorentoe vir hulle sal wys. (*Precept Ministries S.A.*, Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks 021 531 1836. Webwerf: www.precept.org.za of e-pos: info@precept.org.za).

Gebedsfokus op die jeug: Singapoer 2010 Somer Olimpiese Jeugspele 14-26 Augustus 2010

Singapoer tree vanjaar as gasheer op vir die heel eerste *Somer Olimpiese Jeugspele.* Die 2010 *Somer Olimpiese Jeugspele* (amptelik bekend as 'n Olimpiese Spele) is die openingsgeleentheid van die *Somer Olimpiese Jeugspele*. Daar sal aan ongeveer 26 sportsoorte deelgeneem word, met sowat 5 000 atlete en beamptes en 500 000 toeskouers! Hier is 'n groot geleentheid om die nasies wat daar byeenkom, te dien. (Webwerf: http://www.singapore2010.sg). Bid vir die opening van die geleentheid vandag. Bid dat die Gees van die Here sal rus op almal wat daar byeengekom het, en dat baie 'n geleentheid sal kry om met 'n Christen oor Jesus te praat. Bid dwarsdeur die week hiervoor, soos die Here jou lei.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 4: Sirië

In Jesus se tyd het “berigte oor Hom deur die hele provinsie Sirië versprei” (**Matt.4:24**) en groot skares het na Hom gekom en Hom gevolg. Sommige van die oudste kerke van die Christendom kan in Sirië gevind word en is 'n bewys van die omvang van Jesus se invloed in die gebied. Tans is meer as 90% van die Siriese bevolking Moslems. Maar een (oorwegende) Moslemgroep, naamlik die Koerde, is besig om op die evangelie te reageer. Daar is heelwat van hulle wat in Christus glo en sommige kom selfs in hulle eie Koerdiese gemeentes byeen. *Bid asseblief dat die evangelie weereens in die hele Sirië gehoor sal word en dat Moslems tot geloof sal kom, sal begin bymekaarkom en mekaar bemoedig. Loof die Here dat die Moslem-Koerde hulle tot Jesus wend! Bid vir hulle geestelike groei en dat die Here plaaslike evangeliste uit die Christelike sowel as uit die Moslem-agtergrond sal opwek om na hulle uit te reik.*

HET JY DIT GEWEET OOR MOSLEMS?

Inisiële Openbarings: Volgens Moslems het Mohammed, op die ouderdom van 40, in 610 nC, begin glo dat hy openbarings en opdragte van die aartsengel Gabriël ontvang het (Gibrail in Arabies). Hierdie "openbarings" vorm die basis van die Koran. Mohammed het verklaar dat sy openbarings die finale en superieure boodskap van die Een Ware God was, hoewel hy aan die begin self getwyfel het of hy 'n profeet was. Hy het afgodediens verban en het burgerlike en godsdienstige orde in Medina, en later ook in Mekka, ingestel. Mohammed is in 632 nC aan natuurlike oorsake in Medina, Saoedi-Arabië, dood.

Sondag 15 Augustus 2010

Die vrees van die Here bring WYSHEID

Die vrees van die Here is die begin van die wysheid (**Ps.111:10**). *Die Here neem dié wat Hom dien in Sy vertroue en maak Sy verbond aan hulle bekend* (**Ps.25:14**). As ons God nie op die regte manier vrees nie, staan ons gevaar om weg te dwaal. Deur 'n gebrek aan die vrees van die Here, weerstaan ons die werk van die Heilige Gees in ons harte. God moet as God eerste kom in ons lewens. *My lewe behoort nie aan myself nie, maar aan my Here, Jesus Christus.*

Om oor na te dink: Een van die belangrikste verskille tussen die Ou en Nuwe Testament is dat dit nie meer vir ons nodig is om offers vir ons sondes te bring nie. Jesus is vir ons geoffer. Maar die God van die Ou en die Nuwe Testament is dieselfde God wat wil hê dat ons heilig moet lewe en Hom as 'n Heilige God eerbiedig. Kom ons soek Sy aangesig, kom ons vra vir Hom om Homself as 'n Heilige God aan ons te openbaar.

Gebed: Vader van die skepping, U is 'n heilige God. Leer my om die vrees van die Here reg te verstaan sodat ek 'n ware vriend van God sal wees.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 5: Saoedi's in die oliebedryf

Saoedi-Arabië beskik oor die grootste oliebronne ter wêreld, asook die heel beste tegnologie in die oliebedryf. Hulle is hoofsaaklik Soennitiese Moslems, maar vanuit hulle perspektief word hulle almal as Moslems gebore. Die Koran en die tradisies rakende Mohammed is die grondslag van die wet in Saoedi-Arabië. Sjiitiese Moslems word vervolg, maar word toegelaat om hulle godsdiens in die nedersettings en dorpe te beoefen. Om proseliete te maak (om mense tot 'n ander geloof oor te haal) is nie strafbaar met die dood nie, maar met tronkstraf en verbanning (vir sommige is die verlies van hulle werk net so erg soos die doodstraf). Bekering self word deur die Koran verbied en die straf is die dood. Baie van hulle het nog nooit die verkondiging van die evangelie op so 'n manier gehoor dat dit hulle sou beweeg om aan die opgestane Here Jesus gehoorsaam te wees nie. *Bid vir die duisende Saoedi's wat by die oliebedryf betrokke is, dat hulle die heerlikheid van God sal leer ken, wat van Jesus Christus uitstraal* (**2 Kor.4:6**). *Baie van hulle woon in die volgende stede, dorpe, hawens en olieboornedersettings: Dhahran, Ras Tanura, Jubail, Dammam, Al-Khobar, Hofuf, Abqaiq, Udhailiyah en Shaybah. Bestee tyd om elkeen van hierdie dorpe in gebed aan die Here op te dra.*

Maandag 16 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: Akteurs, aktrises/filmsterre

Baie akteurs en aktrises sukkel om werk te kry. Kompetisie is sterk en net 'n klein groepie kry rolle. Verder kom televisie- en radioreekse tot 'n einde en moet die wat wel werk gehad het, nuwe werk soek. Bid dat hulle nie behep met hulle eie gewildheid en eer sal raak en kontak met die werklikheid verloor nie. Bid dat hulle God sal ontmoet as hulle persoonlike Verlosser, hulle Voorsiener en die enigste God van hulle lewe en dat hulle getuienisse as openbare figure baie van hul ondersteuners na Jesus sal lei.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 6: Die Fulani van Nigerië

Meer as 15 miljoen van die Fulani van Nigerië woon in klein nedersettings en dorpe in die oorwegend Moslem noordelike streek van die land. Daar is talle 'substamme' en clans van die Fulani maar in Nigerië val hulle hoofsaaklik in vyf groot groepe: die Adamawa (1,1 miljoen), die Haabe (2,6 miljoen), die Sokoto (2,7 miljoen), die Toroobe (7,5 miljoen) en die Mbororo (2,3 miljoen). Fulani-huishoudings bestaan uit 'n manlike leier, een of meer vroue, 6-12 kinders en ander familielede. (Vir meer inligting oor wat die Here onder die Fulani doen, besoek: http://www.morethandreams.tv). *Bid vir die arbeiders onder die Fulani en dat die Here die Fulani-leiers en imams kragdadig sal red. Bid vir vrede en versoening – daar is al dekades lank onrus tussen die Moslems en die Christene in die gebied.*

Dinsdag 17 Augustus 2010

Gebedsfokus op infrastruktuur: SA se seëninge

Suid-Afrika wek twee derdes van Afrika se elektrisiteit op, die Chris Hani-Baragwanath Hospitaal in Soweto is die grootste hospitaal ter wêreld en Durban is die grootste hawe in Afrika en die negende grootste in die wêreld. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/fast_facts_and_quick_stats/index.html). Dank die Here vir die spesifieke rol wat Hy aan Suid-Afrika gee om in Afrika en die wêreld te speel. Bid dat Suid-Afrika op dieselfde wyse getrou sal wees en die krag van die evangelie van Jesus Christus met Afrika en die nasies van die wêreld sal deel.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 7: Die Moslems van Rajastan in Indië

Die Moslems wat in die staat Rajastan in die weste van Indië woon, bestaan uit ongeveer 60 verskillende groepe. Uit die geskatte 61 miljoen Rajastani-bevolking is 88,8% Hindoes, 8,5% Moslems, 1,4% Sikhs en 1,2% Jains. Die Moslems praat hoofsaaklik Hindustani ('n mengsel van Hindi en Urdu), maar die meeste gebruik en lees die Hindi-skrif. Daar is nog nie 'n volledige Bybel in Hindustani nie. Christene bereik die Moslems deur die gebruik van 'n eenvoudige "kurbaan-verhaal", wat die belangrikste offerandes in sowel die Ou as die Nuwe Testament beskryf. Daar is sommige wat die verhaal van God en die mens gebaseer op die Bybel, mondelings kan oorvertel. Dit is 'n groot hulp vir ongeletterde gelowiges en die wat na God soek. *Bid vir voormalige Moslems onder die Rajastani wat die Messias in Sy volheid gevind het; dat hulle aan die enigste ware en lewende God gehoorsaam sal wees. Hou aan bid vir hulle geestelike groei en dat daar binnekort 'n volledige Bybel in Hindustani sal wees! Bid by name vir die redding van die Rajastani-Moslems uit elk van die vernaamste etniese groepe, naamlik die Pathan, Shaikh and Sayyid.*

Woensdag 18 Augustus 2010

Gebedsfokus op wêreldevangelisasie: Leiers vergader in Kaapstad

Van 16-25 Oktober 2010 sal meer as 4 000 Christenleiers in Kaapstad bymekaarkom om in dié 10 dae die grootste struikelblokke in die weg van wêreldevangelisasie te bespreek. Hulle vertrou die Here vir deurbrake op ses hoofterreine: uitbeelding van die uniekheid van Christus in 'n pluralistiese wêreld; godsdienstige fundamentalisme; hindernisse binne die kerk vir wêreldevangelisasie; die verskuiwing in die kerk van die globale Noorde na die Suide en Weste en Ooste; die ontwikkeling van 'n teologie van lyding en versoening; en die bou van nuwe vennootskappe om die kerk vorentoe te help met die onvoltooide taak van wêreldevangelisering. (Webwerf: http://www.worldevangelicals.org/news/article.htm?id=2409&cat=press). Bid asseblief vir hierdie verskillende fokusareas, sodat leiers God se stem sal hoor oor die sake waaroor hulle vergader en nie hulle eie planne maak nie. Bid dat elkeen van hierdie manne nederige en gebroke manne van gebed sal wees en volhardend sal bly bid.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 8: Die mensegroepe van Soedan

Die Soedannese bevolking is saamgestel uit honderde etniese, taal- en kulturele groepe en clans wat bestaan uit 'n geskatte totaal van 2 200 groepe (dit sluit die clans in). Die volgende is 'n lys van 15 van die 36 groepe in Soedan wat uit meer as 100 000 mense bestaan en deur sommige gelowiges beskou word as dié wat die grootste nood aan die evangelie het. Daar is nie onder een van hierdie groepe 'n langtermynuitreik in hulle eie taal nie (nie deur buitelanders of Soedannese gelowiges nie). Hierdie 15 groepe tel gesamentlik moontlik meer as 20 miljoen mense met sover bekend geen gelowiges onder hulle nie. *Neem asb. tyd om elke groep se naam in gebed aan die Here op te dra: 1. Daju, 2. Danaagla/Kanuuz, 3. Darfoer-gebied NSA (Noordelike Soedannese Arabiere), 4. Oostelike gebied NSA, 5. Fellata: Fulani-sprekend, 6. Fellata: Hausa-sprekend, 7. Kanuri, 8. Kordofan-gebied NSA, 9. Masalit, 10. Nylgebied NSA, 11. Noordelike gebied NSA, 12. Rashaida,13. Suidoostelike gebied NSA, 14. Wit-Nylgebied NSA, 15. Zaghawa. Bid asseblief ook dat die Bybel binnekort in die Dajutaal vertaal sal word.*

HET JY DIT GEWEET OOR 'N MENSEGROEP?

'n "Mensegroep" kan gedefinieer word as: 'Groep mense wat 'n verwantskap met mekaar het en waarin die evangelie versprei kan word sonder beduidende hindernisse in begrip en aanvaarding.' Die hindernisse kan wees (1) Godsdiens (2) Taal (3) Sosiale Interaksie en (4) Geografie (Soedan is bv. die grootste land in Afrika).

Donderdag 19 Augustus 2010

Gebedsfokus op padveiligheid: *Highway Ministry Gebedspatrollie*

Highway Ministry is 'n interdenominasionele bediening wat hom rig op die vragmotor- en taxi- bedryf, asook op alle padgebruikers. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie met die missie om die Woord te verkondig en die liefde van Jesus Christus in die harte van alle padgebruikers te vestig. Bid dat hierdie inisiatief deeglik gevestig en ondersteun sal word. Vra dat dit 'n kanaal sal word waardeur daar werklike transformasie in die harte van alle Suid-Afrikaanse padgebruikers sal kom. Bid vir guns by ander rolspelers omdat die organisasie daarna streef om by bestaande programme soos *Kom Veilig daar* aan te sluit en dit te help uitbou. Bid dat God genadig sal wees en dat daar nie uittarting, roekeloosheid en aggressie in die harte van padgebruikers sal wees nie. (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 86 502 8441 of e-pos: highwaymin@lantic.net).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 9: Moslems in Noorweë

Die Moslembevolking in Noorweë word op 150 000 uit 'n bevolking van 4,8 miljoen geskat. Die eerste moskee is in 1974 gebou. Meer as 80 000 Moslems is geregistreerde lede van bykans 100 Moslemgemeentes. Vandag is Noorweë, soos die res van Europa, 'n multi-kulturele samelewing. Die meerderheid Noorweërs is lidmate van die Lutherse Kerk (meer as 80%) maar betreklik min is aktief en baie hang gelowe aan wat nie werklik in ooreenstemming met die Bybel is nie. Volgens een opname het 32% van Noorweërs aangedui dat hulle "glo dat daar 'n god/God is", terwyl 47% geantwoord het dat hulle "glo dat daar 'n tipe gees of lewensmag is" en 17% "glo nie dat daar enige tipe van gees, god of lewensmag is nie". Sommige kerke bedien Moslemgemeenskappe al jare lank. Bid vir elke Christen en gemeente wat na Moslems uitreik, dat hulle vrymoedig sal wees en dat God se Gees deur hulle sal lewe bring aan Moslems. Bid vir alle Moslem-immigrante, dat hulle gelowiges sal ontmoet waar hulle hulle ook al vestig, en dat die gelowiges hulle aan Christus sal bekend stel. Vra ook vir die Here dat Hy Hom aan die Noorweegse gemeenskap sal openbaar, deur die media en ook deur kerke en gelowiges.

HET JY DIT GEWEET OOR DIE KORAN?

Moslems rondom die wêreld gebruik die Koran vir leiding in hulle geloof sowel as in hulle lewens. Die Koran bestaan uit 114 hoofstukke wat *suras* genoem word en wat min of meer gerangskik is van die langste hoofstuk (*sura 2)* tot die kortste hoofstuk (slegs 'n enkele lyntjie, *sura* 108). Die inleiding tot die skrif is die eerste hoofstuk,

wat "Die Opening", *al-Fatiha,* genoem word. Dit is 'n tipe gebedsgedeelte wat in die Moslems se gebedsritueel, *salat* (gebed), gebruik word. Elke hoofstuk is opgedeel in verse, *ayas*, waarvan die totale aantal bereken word as tussen 6204 en 6236. Die aantal verse verskil na aanleiding van watter tegniek gebruik word. Die Koran is min of meer net so lank soos die Nuwe Testament. (Besoek die aanlyn Koran: *www.quran.com).* Die 'Jesus' van die Koran is beslis nie God nie, ook nie die Seun van God nie, kan nie met God "geassosieer" word nie en is ook nie die "een van die drie" nie.
Die Koran het egter soos die Bybel die algemene geloof in 'n Skepper God teenoor wie die mens verantwoordbaar is. In Islam, is daar baie min aanduiding oor hoe en wie God is. Die God van die Moslems is nie dieselfde God wat Christene aanbid nie. Gevolglik beskryf die Koran die liefde van god/Allah vir mense as voorwaardelik en bevat dit nie 'n opdrag aan die mens om god/Allah of mekaar lief te hê nie.

Vrydag 20 Augustus 2010

Gebedsfokus op evangelisering: *Transwêreldradio* in KwaZulu-Natal

Transwêreldradio reik uit na gesinne in KwaZulu-Natal deur middel van 'n nuwe program getitel *Isolomndeni* (gesinslewe). Gebroke gesinne en die emosionele sowel as fisiese behoeftes in gemeenskappe is aktuele aangeleenthede. Hierdie Zoeloe-program raak sake aan wat werklik vandag vir gesinne belangrik is, soos bv. die rol van die gesinslede (veral dié van mans en vroue in 'n veranderde samelewing), die hantering van finansiële druk, buite-egtelike verhoudings en egskeiding. Bid dat die Here deur hierdie program gesinne na Hom sal terugbring. (*Transwêreldradio-SA*. Tel.: 011 974 2886 of faks: 011 974 9960 of sel: 083 387 3037. Webwerf: www.twr.org.za of e-pos: ddupreez@twr.org.za. Luister na *TWR* op DStv radio-kanaal 155).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 10: Voorbereidings vir gebed

Vandag sal Moslems wêreldwyd hulle weer voorberei vir die Vrydaggebed. Toegewyde Moslems sal die hele week lank rituele wassing uitvoer om hulle vir gebed te reinig. Rituele reiniging met water op spesifieke tye is vir Moslems baie belangrik. Dit verskil baie van dit wat Christene oor gebed leer. In Islam is dit onmoontlik om te bid sonder die nodige rituele reiniging met water, of, in die afwesigheid van water, met sand. Islamitiese lering oor gebed bevat lang gedeeltes oor presies hoe die reinigingsproses moet plaasvind. Nie een van die stappe mag oorgeslaan of op 'n verkeerde manier uitgevoer word nie, anders sal die gebed sy verdienste en waarde verloor. Hierdie rituele reiniging kan ongelukkig niemand red of heilig nie. *Bid dat die Moslems die erns van sonde en die heiligheid van God sal leer ken sodat hulle vir altyd bevry kan word van die idee dat water hulle geskik kan maak om God te ontmoet. Bid vir Moslems wat jy persoonlik ken, vir Moslems in jou stad en op ander plekke* (**Heb.8:9-12**).

PILARE VAN ISLAM

Die Islamitiese godsdiens word uitgeleef volgens vyf hoof pilare wat vereiste godsdienspraktyke vir alle volwasse Moslems is:

1. Voordra van die kreet (shahada): "Daar is geen God behalwe Allah nie en Mohammed is sy profeet".
2. Gebed (salat) – vyf keer per dag.
3. Gee van aalmoese (zakat) – beide verpligte en vrywillige gawes aan armes
4. Vas (saum) – veral gedurende die "heilige' maand Ramadaan.
5. Pelgrimsreis (hajj) – ten minste een keer in 'n leeftyd na Mekka, bekend as die Hajj.

Saterdag 21 Augustus 2010

Gebedsfokus op danksegging: SA se positiewe kant

Die *Western Deep Levels* is die wêreld se diepste myn (3 777 m). Suid-Afrika het die wêreld se grootste neerslae van goud, chroom, platina en mangaan. Suid-Afrika is die enigste land wat 'n hele area fynbos huisves - een van slegs 6 op die planeet, en Kaapstad het die vyfde beste blou hemelruim in die wêreld! (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/fast_facts_and_quick_stats/index.html). Dank die Here dat Hy ons land met so baie dinge seën. Bid dat ons sal voortgaan om goeie rentmeesters te wees van dit wat aan ons toevertrou is.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 11: Lyding in Basrah, Irak

Al Basrah (ook genoem Basorah) is die hoofstad van die Basra-provinsie in Irak en het 'n geskatte bevolking van 3,8 miljoen. Basrah is 'n belangrike hawestad. Daar word beraam dat minstens 90% van die stad op olievelde gebou is. Die gas- en petroldampe is deel van die daaglikse lewe van Basrah se inwoners. Ongeveer 20% van die bevolking is Soennitiese Moslems, maar die meerderheid is Sjiiete. Daar is 'n baie klein getal gelowiges. *Bid dat die Here ampsdraers en gemeenskapleiers sal oproep vir wie die welstand van die mense onder hulle net so belangrik is as hulle eie voorspoed en bevrediging. Die mense van die stad kry baie swaar. Bid vir deurbrake in die onderwys en werkverskaffing. Baie mense is wanhopig oor hulle toekoms. Bid dat Basrah se Moslems 'n ontmoeting met die Messias as die Bron van hoop sal hê, deur middel van die televisie, radio of persoonlike getuienis.*

HET JY DIT GEWEET VAN MOSLEMS?

Daar is ongeveer 1,5 miljard Moslems wêreldwyd: *Afrika 400 miljoen, Midde-Ooste 250 miljoen, Asië 800 miljoen, Europa (Rusland ingesluit) 38 miljoen, die Amerikas 5 miljoen. (Al die syfers is benaderde syfers)*

Sondag 22 Augustus 2010

Die vrees van die Here bring TOEWYDING

Spring nou aan die werk, my seuns, want die Here het julle gekies om voor Hom diens te doen (**2 Kron.29:11**). As gelowiges moet ons, wanneer ons bid, mooi luister na dit Hy vir ons wil sê **(Hab.2:1**). Ons moet soos die bruid (wat bang is die bruidegom gaan kom voordat sy gereed is) haar vinnig gaan gereed maak. Bybelse vrees gee 'n waaksame oog en 'n vlytige hand. Vrees ruk die luiaard uit sy luiheid. Heilige vrees word gemanifesteer in ons onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan Hom, of ons dit wat Hy doen, verstaan of nie. Ons moet die Woord van God toelaat om diep in ons harte in te dring sodat Hy ons denke, persepsies en bedoelings kan beoordeel, en so ons optrede verander.

Om oor na te dink: Geestelike groei gebeur nie vanself nie. Die daaglikse gebeure kan ons maklik verstrengel en ons so verlam dat ons kan begin glo dat die Here teen ons is. Ons moet wagstaan deur die Woord te bestudeer om ons te herinner aan wie God is. Kom ons neem 'n besluit om ons harte en gedagtes op Hom in te stel, en om elke dag vir Hom tyd te gee om ons harte voor te berei en met ons te praat.

Gebed: Vader, vergewe asseblief my gedurige verskonings waarom ek nie tyd het om met U deur te bring nie. Vandag kies ek om my hart en gedagtes slegs op U te vestig (**Ps.123:2**). Leer my die ywer en die vrees van die Here.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 12: Iran

Uit 'n bevolking van 71,2 miljoen in Iran is slegs 0,35% Christene. Iran het Saoedi-Arabië verbygesteek en neem nou die tweede plek in op die *World Watch List (WWL)* van lande wat Christene vervolg. Baie Christene wat vrygelaat is, word gemonitor en gedreig. Daar is groot vrees onder Christene as gevolg van die arrestasies. In

2009 het die Iranse owerhede 'n aantal kerke gesluit. Die hoofrede vir hierdie sluiting was die feit dat baie nuwe bekeerlinge uit Moslemgeledere dienste by dié kerke bygewoon het. *Dank die Here vir mense uit 'n Moslem-agtergrond in hierdie nasie wat hulle tot Christus bekeer. Bid asseblief vir baie meer werkers in hierdie moeilike oes, veral omdat baie sendelinge as gevolg van vrees en dreigemente na hulle eie lande terugkeer. Bid ook vir diegene wat probeer om Bybels, opleiding en bemoediging te gee aan die ongeveer 125 000 gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond en nuwe bekeerlinge uit Moslemgeledere.* (Webwerf: (http://members.opendoorsusa.org/site/PageServer?pagename=World_Watch_List_2010).

Maandag 23 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: Aanbieders van gesprekprogramme

Bid by name vir al die aanbieders van gesprekprogramme wat God op jou hart lê. Vra dat elkeen van hulle Jesus Christus as hulle Here en Verlosser sal leer ken en aanneem. Bid dat hulle openlik sal getuig en ook geestelik sal groei. Vra dat hulle getuienis duisende na God se koninkryk sal aantrek. Bid vir Christen-aanbieders om staande te bly en nie kompromieë te maak nie.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 13: Khadijah

Solank as wat Mohammed met Khadijah getroud was, het hy nie met 'n ander vrou getrou nie omdat hy so lief was vir haar. Sy was net so toegewyd aan hom. Toe hy sy eerste openbarings ontvang het, het sy 'n belangrike rol gespeel om hom te oortuig dat hy besig was om 'n profeet te word. Sy het selfs haar rykdom gebruik om Islam te bevorder, soveel so dat sy selfs vervolg is as gevolg van haar ondersteuning vir haar man. *Daar is letterlik honderde duisende en moontlik meer as 'n miljoen Moslemvroue in die wêreld met die naam Khadijah. Baie van hulle weet min omtrent Mohammed se vrou of van haar positiewe voorbeeld in baie aspekte van die lewe. Bid vir die lewende Khadijahs, dat hulle die Here Jesus deur middel van vriende, die radio, literatuur, televisie en ander media sal leer ken. Bid vir die redding van Moslemvroue en dat hulle hul mans sal beïnvloed om Jesus as Verlosser aan te neem.*

Dinsdag 24 Augustus 2010

Gebedsfokus op veiligheid en sekuriteit: SMS-wenkinisiatief om misdaad aan te pak

Die *Misdaadlyn* is in Junie 2007 begin. Dit opereer onafhanklik en anoniem en is daarop gemik om kriminele van die straat af te kry. Hierdie projek dra die goedkeuring van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS)*. As iemand vermoed dat 'n ander persoon (selfs familie of vriende) by misdaad betrokke is, kan hy of sy dit anoniem rapporteer. Enige inligting oor misdadigers wat aan die *Misdaadlyn* oorgedra word, sal opgevolg word – of die oortreders moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede, kindermolesteerders ensovoorts is. (Webwerf: www.crimeline.co.za). Die publiek kan 'n SMS stuur na 32211 of www.crimeline.co.za besoek om anonieme wenke oor enige misdaad of die verdagte optrede te stuur. Dank die Here vir inisiatiewe van hierdie aard in antwoord op baie gebede oor die jare! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief en dat baie kriminele tereg sal staan vir hulle dade. Bid dat niemand hierdie lyn sal misbruik om persoonlike vendettas te voer nie.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 14: Die Luo van Kenia

Die Luo is die tweede grootste etniese groep in Kenia met ongeveer vyf miljoen mense (die grootste groep is die Kikoejoe, met ongeveer 7,5 miljoen). Die bevolkingsgetal is ongeveer 39 miljoen. Tradisioneel woon hulle in die omgewing van die Victoria-meer, maar hulle is ook oor die land versprei. Daar is feitlik geen inligting beskikbaar oor Moslems onder die Luo, Kikoejoe, Kalenjin of Kamba in Kenia nie – etniese groepe waarvan die meerderheid stamme Christene is. *Dra die vyf miljoen Luo in Kenia deur gebed aan die Here op. Vra vir werkers in hierdie oes.*

Bid ook vir die groepe gelowiges in Oos-Afrika, dat hulle nie die Moslems in hulle geledere oor die hoof moet sien nie, maar hulle in liefde sal ontmoet en vrymoedig met hulle oor Jesus sal praat.

Woensdag 25 Augustus 2010

Gebedsfokus op kinders: Voetgangersterftes

Voetgangerbeserings is een van die hoofoorsake van dood en gestremdheid onder kinders. In Suid-Afrika alleen word daar jaarliks 33 500 kinders beseer en 565 sterf. Noodlottige ongelukke by kinders kom die meeste in die ouderdomsgroep 5 tot 14 jaar voor. Bykans 40% van hierdie sterftes vind op plattelandse paaie plaas. (Webwerf: http://www.childsafe.org.za/pressreleases/pressrelease01.htm). Dra asseblief hierdie situasie deur gebed aan die Here op en bid vir ons kinders se veiligheid op die paaie. Bid dat volwassenes die kinders reeds vanaf 'n jong ouderdom oor padveiligheid sal leer.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 15: Wat is besig om in Dubai te gebeur?

Die afgelope aantal jaar het Dubai 'n wêreldstad met glansende wolkekrabbers en ommuurde villas geword. Ongeveer 85% van die inwoners kom nie oorspronklik uit die Emirate nie. Die meerderheid buitelandse werkers kom uit Indië, Pakistan, Bangladesj and ander Arabiese lande. Die Verenigde Arabiese Emirate het 'n bevolking van vyf miljoen: Moslems 65%, Hindoes 17%, Christene 9%, Boeddhiste 4%, ander of onbekend 5%. Die stad het beslis ook 'n donker kant. Die groot bedrae geld in Dubai se finansiële en vaste-eiendomsmark lei tot allerhande wettige en onwettige aktiwiteite. *Baie van die buitelandse werkers wat hulleself as Christene beskou, is dit net in naam. Bid dat hierdie gelowiges werklik 'n voorbeeld vir die Moslems en nie-Moslems sal wees en sal illustreer wat dit beteken om volgens die gebooie van die Here te leef* (**Matt.4:16, Joh.8:12**). *Bid ook vir die redding van mense in die Emirate, ander Arabiere, die Pakistani's en die Bangladesjers. Die Emirati-samelewing is geslote vir buitestaanders. Die werklike kontak tussen Emirati's en nie-Emirati's is redelik beperk. Bid vir geleenthede vir mense in Dubai om Jesus te ontmoet.*

Donderdag 26 Augustus 2010

Gebedsfokus op die ekonomie: Internetmisdaad neem toe

Volgens die *Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum (SABRIC)* het die aantal skemas om d.m.v. slinkse metodes vertroulike inligting van gebruikers van Internetbankdienste te bekom, toegeneem. In sommige e-posse doen bedrieërs hulle voor as verteenwoordigers van die *Suid-Afrikaanse Inkomstediens* en lok dan hulle slagoffers uit om hulle bankbesonderhede te verskaf met beloftes van sg. belastingterugbetalings. (Webwerf: http://business.iafrica.com/news/2217000.htm). Bid dat mense wat by dié tipe misdaad betrokke is, opgespoor sal word en dat hierdie sindikate ontmasker en toegemaak sal word. Bid dat Suid-Afrikaners wakker sal wees en nie in hierdie strikke sal trap nie. Hou ook aan bid vir die redding van misdadigers.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 16: Moslems in Toronto

Groter Toronto is waarskynlik die stad met die grootste aantal kulture ter wêreld, en huisves nou moontlik meer as 300 000 Moslems van regoor die wêreld (statistiek wissel). Drie van die stad se digsbewoonde toringwoonstelgebiede, naamlik Thorncliffe Park, Crescent Town en Dixon Park, is oorwegend Moslem. Hier woon mense uit Afghanistan, Pakistan, Bangladesj en Somalië. Elke vierkante kilometer van hierdie woongebiede huisves tot soveel as 20 000 mense. Die afgelope jare het 'n aantal gelowiges daarin geslaag om teenoor vriende van die hoop wat hulle in Christus het, te getuig. In baie gevalle word Moslems vir die eerste keer uitgenooi om in 'n Christen se huis te kom. Wanneer Moslems aan Christus voorgestel word, is daar baie wat wegdraai, maar ander word sterk deur Hom aangetrek! *Bid dat Jesus geëer sal word in sowel die lewe van gelowiges as dié wat vir die eerste keer van Hom hoor. Bid ook dat Kanada se Moslems werk en hoop sal kry en 'n gevoel dat hulle in die land tuis is. Bid vir hulle verlossing.*

Vrydag 27 Augustus 2010

Gebedsfokus op evangelisasie: *Elke Huis vir Christus Suid-Afrika (EHCSA)*

Elke Huis vir Christus Suid-Afrika (EHCSA) het tans 168 geregistreerde huis-tot-huis-, skool-, gevangenis- en hospitaalprojekte in verskillende provinsies van die land. *EHCSA* skakel met Christelike organisasies, kerke en uitreik-aksies om die evangelie van Jesus Christus na elke huishouding in Suid-Afrika te bring. Sedert 1995 het *EHCSA* ongeveer 4,75 miljoen huise bereik en 1,2 miljoen mense het hulle lewens aan Christus oorgegee. Loof die Here vir huise en harte wat steeds oop is om na die boodskap van hoop te luister. Bid vir die geestelike groei van nuwe gelowiges. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion, 0046. Tel.: 012 663 4587. Webwerf: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 17: Die Vrydagpreek

In die groot stede van Pakistan en Afghanistan, asook in honderde nedersettings en dorpe tussen hierdie stede, sal duisende grootliks ongeletterde Pastjoen-mans vandag luister na preke wat oor luidsprekers kom. Pastjoen-vroue werk oor die algemeen fisies hard in hulle huise. Omdat hulle praktiese hulp nodig het, raak hulle maklik by okkultiese bedrywighede betrokke omdat hulle hoop om daardeur te oorleef en vooruit te kom in hulle onseker bestaan. Baie van hulle sal waarskynlik positief op Jesus se gelykenisse reageer as hulle dit sou hoor. *Bid vir die leiers van die moskees wat vandag die preke lewer. Mag hulle ywer vir hulle god/Allah hulle dring om tot 'n ware kennis van die lewende God te kom* (***Rom.10:1-4***). *Bid ook vir 'n Goddelike ingryping in al die Pasjtoen-gemeenskappe, dat baie tot redding sal kom.*

ROEP DIE HERE JOU OM IN 'N MOSLEMLAND TE GAAN BID?

Om in die land, "on site", oor die land en sy mense te bid, kan vir 'n mens baie nuwe kennis en insigte gee omdat jy dit eerstehands sien en beleef. Die volgende webwerwe sal vir jou inligting gee oor verskillende nasies en onbereikte mensegroepe: www.30-days.net; www.joshuaproject.net, www.win1040.com. Jy sal inligting kry oor gebedsreise en gebedswandelinge op www.waymakers.org of jy kan kontak maak met *Projek Masedonië* as jy meer inligting oor gebedsreise wil hê: *The Macedonian Project*. Privaatsak X07, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 997 3195 of faks: 086 630 3193. Webwerf: www.macedonian.org.za of e-pos: macsa@mweb.co.za

Saterdag 28 Augustus 2010

Gebedsfokus op die omgewing: SA wil belê in watersekuriteit

Suid-Afrika is van plan om met 'n verskeidenheid programme te begin om water te bewaar en sy waterbronne te diversifiseer, en om binne die volgende agt jaar in 'n infrastruktuur vir die verskaffing van water te belê. Enkele terreine sluit in die ontsouting van seewater in die kusgebiede en die uitbreiding van die hergebruik van gesuiwerde afvalwater. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/infrastructure/sa_to_invest_in_water_security.html). Bid vir almal wat hierby betrokke is, dat hierdie planne deeglik nagevors sal word voordat dit geïmplementeer word en dat dit suksesvol sal wees.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 18: Marokko

Mohammed VI, wat in 1999 koning geword het, is die hoogste politieke, militêre en godsdienstige gesag in Marokko. Nieteenstaande sy pogings om omstandighede in die land te verander, is 'n groot deel van die bevolking steeds arm. Ryk mense neem dikwels arm mense in diens met die belofte om hulle te betaal, wat dikwels nie gebeur nie. Bid dat die koning self 'n persoonlike openbaring van die Here Jesus Christus sal ontvang en dat hy sy land met wysheid en goddelike insig sal lei. Sekere owerhede het al gelowiges in Marokko vervolg, baie is al gedreig en ander is in die tronk gegooi. Bid vir die Vervolgde Kerk, dat dit vreesloos sal groei te midde van

moeilike omstandighede. Bid vir baie nuwe geleenthede wat 'n leefbare, ordentlike inkomste aan die armes sal verskaf.

WAT MOSLEMS GLO OOR JESUS

- Jesus is wonderbaarlik deur God in die maagd Maria se baarmoeder verwek.
- Jesus is slegs 'n profeet, Hy is nie God nie (nie die Seun van God nie en nie God in die vlees nie).
- Jesus was eintlik 'n goeie Moslem en Hy het 'n vroeë vorm van Islam aan die Jode verkondig.
- Jesus het nie aan die kruis gesterf nie. Hy is direk hemel toe. Judas het sy gesig verander en in Jesus se plek gesterf as 'n oordeel van God.
- Jesus sal eendag weer kom, Hy sal trou en kinders hê. Hy sal die foute regstel wat die Christene oor Hom verkondig het. Hy sal sterf, in Medina begrawe word en soos alle mense in die Laaste Oordeel geoordeel word.

Sondag 29 Augustus 2010

Die vrees van die Here vou ons toe met Sy krag en liefde

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**). Die "vrees" waarvan ons in hierdie vers lees is nie dieselfde as die "vrees" in **Romeine 8:15** of **Spreuke 1:7** nie. Die heilige vrees van die Here omvou ons met Sy krag, liefde en denke. Ons vrees daarom nie soos gewone mense vrees nie en ook nie die dinge wat gewone mense vrees nie. As ons in die vrees van die Here wandel, is niks vir ons onmoontlik nie (**Matt.19:26**), sal ons Hom van harte liefhê, met ons hoop gevestig op Hom (**1 Joh.4:16**) en kan niks ons anders oortuig nie! (**1 Kor.2:16**).

Om oor na te dink: Vra dat Hy sal voortgaan om die geheimenis van Sy onfeilbare liefde deur Sy Gees wat op elke Christen rus, aan ons te openbaar.

Gebed: Hemelse Vader, leer my die vrees van die Here wat my lei om dit wat sleg is, te vermy (**Spr.3:7**), en om die kwaad, hoogmoed, verwaandheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde te haat (**Spr.8:13**), wat my hart daarvan weerhou om op sondaars afgunstig te wees (**Spr.23:17**) en wat my verhinder om deel te word van die opstandiges (**Spr.24:21**).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 19: Saoedi-Arabië

Koning Abdullah is die leier van Saoedi-Arabië. Dié land het 'n bevolking van 24,7 miljoen, waarvan slegs 2,2% Christene is. Die land is derde op die *World Watch List (WWL)* van lande wat Christene vervolg. Alle nie-Moslem aanbidding in die openbaar, is verbode. Oortreders kan in hegtenis geneem, in die tronk gegooi, geslaan, gedeporteer en soms ook gemartel word. Die meeste Christene is buitelanders. Hulle word oor die algemeen toegelaat om privaat te aanbid, maar sommige is al in hegtenis geneem, met die dood gedreig en gedwing om te gaan wegkruip. Saoediese gelowiges moet hulle geloof geheim hou. *Bid dat diegene wat die Here Jesus deur middel van satelliet-TV-programme en die Internet leer ken, 'fellowship' en geestelike bemoediging sal vind. Vra dat buitelanders en die leiers van Saoediese gemeentes veilig sal wees en die moed en wysheid sal hê om standvastig te bly. Volhard deur gebed dat die Here Homself deur drome en visioene aan die miljoene mense in Saoedi-Arabië sal openbaar wat nog nooit Sy Naam gehoor het nie.* (Webwerf: (http://members.opendoorsusa.org/site/PageServer?pagename=World_Watch_List_2010).

Maandag 30 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: Sangers en musikante

Dra al die bekende Suid-Afrikaanse en internasionale sangers en musikante deur gebed aan die Here op. Bid dat hulle sal onthou dat hulle net mense is en dat God talente aan alle mense gegee het. Bid dat mense sal ophou om van hulle afgode te maak en sodoende 'n struikelblok vir hulle vorm. Bid dat hulle ontvanklik en gewillig sal wees om te luister wanneer mense op 'n sinvolle manier met hulle oor Jesus wil praat. Bid dat die onlangse dood van bekende kunstenaars hulle harte sal oopmaak om vrae te vra oor die lewe en die dood.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 20: Aisha – Mohammed se lieflingvrou

Aisha bint Abu Bakr, algemeen bekend as Mohammed se gunstelingvrou, het op sesjarige ouderdom aan die profeet verloof geraak. (Dit was 'n bekende praktyk in die destydse Arabië.) Aisha was Mohammed se enigste maagdelike bruid, wat deur sommige beskou is as 'n heilige teken dat sy 'n rol moes speel in die aanwysing van Mohammed se opvolger as leier van die Islamitiese gemeenskap. Aisha self het nie kinders gehad nie. Soennitiese Moslems het haar baie hoog geag omdat hulle haar as Mohammed se gunstelingvrou beskou het en een van die mees gesiene vroue van haar tyd. Sy word ook beskou as die bron van baie heilige tradisies aangaande Mohammed (Hadith). Toe Mohammed sterwend was, het hy sy laaste minute in die teenwoordigheid van die 18-jarige Aisha deurgebring en met sy kop op haar skoot gesterf. Na Mohammed se dood het Aisha die res van haar lewe as weduwee deurgebring ingevolge die bepaling van die Koran dat geen man met die profeet se vrou mag trou nie (Koran 33:53). Aisha is op die ouderdom van 65 jaar gedurende die maand Ramadaan oorlede. *Net soos met die naam Khadijah, gee baie ouers hulle dogters die naam Aisha. Wêreldwyd is daar beslis honderde duisende van hulle. Bid dat die Here deure van geleenthede sal oopmaak vir die Aishas om die verhale oor die lewe van Christus te hoor en in Hom te glo. Bid vir alle Moslemmeisies, dat hulle tydens hulle grootwordjare geleenthede sal kry om van Jesus te hoor. Bid vir gesonde huwelike en die herstel van vroue se waardigheid.*

Hoe verskil wat Moslems glo van wat Christene glo?

Ramadaan, die maand wanneer Moslems vas en bid, is hierdie jaar vanaf 11 Augustus tot 9 September. Baie Christene is onseker oor die verskil tussen die geloof van Christene en die van Moslems. Dit is baie belangrik om te verstaan dat daar besliste verskille is, anders sal ons nie effektief kan getuig teenoor Moslems nie of verbouereerd raak wanneer hulle ons uitvra oor ons geloof en ons nie hul vrae kan beantwoord nie. Die volgende artikel is daarop gemik om bietjie meer inligting te gee oor sommige van die sleutelverskille en hoe om vir Moslems te bid. Dit is nie bedoel om 'n volledige dokument te wees nie, maar verskaf 'n eenvoudige gids om in Bybelstudie en gebedsgroepe te gebruik in jou gemeente, soos die Heilige Gees jou lei.

(1) Sommige van die sentrale geloofsartikels van Islam

Moslems aanvaar ses basiese geloofsbeginsels, of -artikels vir Islamitiese geloof. Die eerste is *Geloof in Allah.* Moslems glo daar is slegs een god, hy word Allah genoem en sy wil is soewerein. Die tweede basiese geloofsartikel van Moslems is *Engele.* Hulle glo in Engele soos bv. Gabriël wat volgens oorlewering die boodskap van die Koran na Mohammed gebring het. Die derde basiese geloof van Moslems is *Die Heilige Boeke.* Hulle glo dat Allah openbarings gegee het wat die Ou en die Nuwe Testament insluit, veral die Tora, Psalms en die Evangelies. Hierdie openbarings is egter vir hulle ondergeskik aan die Koran wat alle ander geskrifte oorskadu. Christene glo in 'n drie-enige God wat Een God is, dat God die Vader Sy enigste Seun gestuur het om ons lewens weer met God te versoen. God praat met ons hoofsaaklik deur Sy Heilige Gees en die Bybel en Hy het 'n persoonlike verhouding met elkeen van Sy kinders.

***Bid** dat Moslems die drie-enige God, die Vader, Seun en Heilige Gees sal ontmoet en in Hom sal glo. Vra dat hulle sal begin vrae vra oor Jesus Christus en antwoorde oor Hom sal soek.*

(2) Sommige van die sentrale geloofsartikels van Islam

Moslems aanvaar ses basiese geloofsartikels. Die vierde geloofsartikel van Moslems is *Die Profete*. Hulle glo dat Allah verskeie profete na die mens gestuur het soos bv. Adam (Allah se uitverkorene), Noag (Allah se spreker), Moses (Allah se spreker), Jesus (Allah se woord), Mohammed (Allah se apostel/profeet). Mohammed se openbaring word as die heel belangrikste beskou. Hulle glo hy is die *Seël van die profete* en die *Vrede van die Wêreld*. Die vyfde geloofsartikel van Islam is die *Uitverkiesing*. Hulle glo dat alles wat gebeur, goed of sleg, Allah se wil is en dit is sy finale besluit. Die sesde geloofsartikel van Moslems is *Die Oordeelsdag*. Hulle glo dat die goeie en slegte dade van die mens op 'n skaal geplaas gaan word. Met genoegsame persoonlike verdienste en geregtigheid en die guns van Allah, mag hulle dálk hemel toe gaan. Al die ander mense gaan na die ewige hel.

Christene weet dat die hele Woord deur God geïnspireer is en Sy beloftes deur die profete gespreek het, maar dat die getuienis van Jesus Christus die Gees van elke profesie is (**Op.19:10**). Ons word uit genade gered en God luister na en gee ag op die gebede van Sy kinders. Dit is die wil van ons Hemelse Vader dat selfs die goddelose gered sal word en nie sal sterf nie (**Eseg.18:23-24**). Redding is nie uit werke nie, maar gegrond op dit wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het.

•***Bid*** *dat Moslems 'n bonatuurlike openbaring van die genade en die liefde van Christus sal ontvang. Vra dat daar 'n honger en 'n dors in die harte van Moslems sal kom sodat hulle die Bybel sal lees en Jesus Christus as Verlosser sal leer ken en sodoende nie die oordeelsdag hoef te vrees nie, maar sal uitsien na die wederkoms van Jesus.*

(3) Sommige van die sentrale geloofsartikels van Islam

Elke Moslem moet minstens vyf fundamentele godsdienstige vereistes nakom wat bekend staan as die "Pilare van die Godsdiens". Voorgeskrewe gebede moet vyf maal per dag opgesê word.

Christene glo in een drie-enige God, die Vader, Seun en Heilige Gees en die drie is een. Daarom kan die god van Islam en die God van die Christene nooit dieselfde God wees nie. Vir Moslems is dit ondenkbaar dat Allah 'n Seun kan hê. Vir Christene is Jesus Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe. Hy is die enigste weg na die Hemelse Vader. Hy wat Jesus Christus verwerp, verwerp die Vader wat Hom gestuur het (**1Joh.5:10-11**).

•***Bid*** *dat Moslems 'n toenemende verlange in hulle harte sal hê om meer oor die God van die Christene te wete te kom. Bid dat diegene wat lang tye in gebed deurbring en na Allah roep, 'n verlange sal hê om meer oor Christus uit te vind. Vra dat God die Moslems wat opreg na 'n sinvolle lewe soek, sal antwoord en Jesus Christus as Redder aan hulle sal openbaar.*

(4) Sommige van die sentrale geloofsartikels van Islam

Die derde fundamentele godsdienstige vereiste van Islam is om gedurende die vasmaand, wat hulle *Ramadaan* noem, deur die loop van die dag te vas. Die vierde pilaar van Islam is *Aalmoese aan die armes*. Die vyfde godsdienstige vereiste van Moslems is die *Pelgrimstog na Mekka* (waar Mohammed gebore is). 'n Laaste godsdienstige vereiste wat dikwels met die vyf pilare van Islam geassosieer word, is die *Jihad, w*anneer van Moslems vereis word om oorlog te voer om Islam te verdedig. *Jihad* kan verklaar word as intern ('n geestelike stryd) of ekstern (om Islam te verdedig).

Christene is nooit onder verpligting om te vas nie alhoewel dit 'n wonderlike dissipline is. Om vir die armes te gee is 'n Bybelse opdrag, maar dit word as 'n daad van liefde beskou. Christene weet dat hulle deur genade gered is en nie goeie werke hoef te doen om verlossing te verdien nie. **1 Pet.2:12** sê in die Ou Vertaling: "en hou julle lewenswandel skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking." Goeie werke is 'n natuurlike uitvloeisel van 'n Christen se redding en getuig van die bonatuurlike werk wat God in hom gedoen het.

•***Bid*** *dat baie Moslems wêreldwyd sal herbesin oor sommige van die pilare van Islam en sommige van hulle geloofsvereistes. Vra dat baie van hulle 'n bonatuurlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê en sal kies om Hom alleen te dien.*

Dinsdag 31 Augustus 2010

Gebedsfokus op danksegging: Daar is baie om voor dankbaar te wees

Suid-Afrika is verantwoordelik vir bykans 25% van die BBP van die ganse Afrikakontinent, met 'n ekonomie meer as twee keer groter as die tweede grootste (Algerië). Die *JSE Sekuriteitebeurs* is die 14de grootste sekuriteitebeurs in die wêreld, met 'n totale markkapitalisasie in die omgewing van 2,3 biljoen (JSE). Die swart middelklas het in 2005 met 25% gegroei, wat 421 000 swart volwassenes tot SA se middel-inkomstevlak bygevoeg het en die swart bevolking se aandeel aan die middelklas tot byna 'n derde opgestoot het. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/fast_facts_and_quick_stats/index.html). Dank die Here vir antwoorde op gebede wat nou duidelik uit gewone statistiek blyk. Hy is getrou in al Sy weë. Dank Hom dat Hy Sy hand op so baie onsigbare maniere oor ons nasie hou.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 21: Bahrein

Die halfmiljoen Bahreiners is afstammelinge van ondertrouery tussen inheemse inwoners en setlaars uit die Arabiese skiereiland en Iran. Daar bestaan spanning tussen die arm Sjiitiese meerderheid en die Soennitiese minderheid wat die politieke toneel oorheers, en tussen inwoners met 'n Arabiese en dié met 'n Persiese agtergrond. Die moontlikheid bestaan dat groter beperkings teen Christene ingestel kan word, omdat die regeringsministers onder Saoediese invloed met die Sjiitiese parlement meeding om vir wie die meeste 'Islamities' is. Bid asb. oor hierdie spanning en vra vir die Here om op 'n bonatuurlike wyse in te gryp in die lewens van die Bahreiners. Die Bahreiners kry soms die geleentheid om die evangelie deur buitelandse gelowiges te hoor en hulle voorbeeld te sien. Bid asseblief dat dit goeie en Godverende voorbeelde sal wees wat hulle uit die duisternis na Sy Koninkryk sal trek.

Woensdag 1 September 2010

Gebedsfokus op redding: *Alpha SA*

Meer as 400 000 mense in Suid-Afrika en 13 miljoen wêreldwyd het reeds 'n *Alpha*-kursus bygewoon ('n geleentheid om die sin van die lewe te verken) wat in tienduisende kerke van alle denominasies regoor die hele wêreld aangebied word. *Alpha SA* het ook met groot vrug na gevangenisse uitgebrei. Dank die Here vir sy seën op hierdie inisiatief. Bid dat meer vrywilligers by hierdie bediening betrokke sal raak en dat mense prakties deur die evangelie van Christus aangeraak sal word. (*Alpha SA*. Tel.: 012 998 8144. Webwerf: http://www.alphasa.co.za/ of e-pos: communications@alphasa.co.za).

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 22: Indië

Bid asseblief by name vir die Moslemgroepe in Indië wat sover bekend nog nooit die evangelie gehoor het nie en onder wie daar ook nie enige Christene woon wat kan getuig nie. Een voorbeeld is die Kunjra, wat in die Indiese staat Bihar woon, een van die mees kaste-bewuste state onder die Soennitiese Moslems. Die Soennitiese kastestelsel (anders as die Hindoe-kastestelsel) ken nie net aan elkeen sosiale status toe op grond van geboorte nie, maar beperk mense ook in die algemeen tot 'n tradisionele beroep of rol. Daarom bly die Kunjra bv. 'n laer kaste (klas) vrugte- en groenteverkopers en boere en kan hulle nie uitstyg nie. Hulle het nie die evangelie afgewys nie; hulle het dit net nog nooit gehoor nie. *Bid dat meer kennis oor die Kunjra en ander groepe in die lys bekend sal word. Vra die Here vir toegewyde werkers om onder die Kunjra en ander groepe te gaan woon en die liefde van Christus teenoor hulle uit te leef en te deel. Bid dat die Here gebedspanne vir hierdie mense sal opwek. Dra hulle deur gebed aan die Here op deur bv. die groepe se name hardop voor die troon van genade te noem*: *Kunjra 822 140; Turk 530 187; Makhmi 469 871; Sudhan 446 757; Rawther 682 072; Bhatiara 259 188; Mahur 243 687; Yashkun 235 511; Bhatia 190 957; Jhojha 175 779; Nikari 147 684; Baloch 129 950; Molesalam 128 738; Shaikh (Marathi) 2 429 481; Shaikh (Marwadi) 1 541 534; Shaikh (Gujarati) 1 057 975; Shaikh (Maithili) 774 017; Shaikh*

(Magadi) 322 135; Shaikh (Oriya) 235 524; Shaikh (Mewari) 151 368; Shaikh (Konkani) 116 051; Pathan (Marwadi) 215 895; Shaikh (Dhundari) 404 463; Shaikh (Nimadi) 110 046; Shaikh (Shekhwati) 222 665.

Donderdag 2 September 2010

Gebedsfokus op kinders: Huise sonder pa's

Daar is 15,4 miljoen Suid-Afrikaanse kinders (ouderdom 0-17 jaar) wie se pa's nog lewe, waarvan ongeveer 54% sê hulle pa is nie deel van die huishouding nie. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty.co.za). Bid asseblief vandag vir elke kind wat sonder 'n pa grootword, dat hulle die liefde en sorg van ons hemelse Vader op baie praktiese maniere sal ervaar. Bid dat die Here die blinde oë en harte van die pa's wat hulle kinders in die steek gelaat het, sal opwek om terug te kom en vir hulle kinders te sorg.

Gebedsfokus op Ramadaan: 11 Augustus – 9 September 2010

Dag 23: Die Jola van Wes-Afrika

Die meeste Jola het nog nooit 'n verhaal oor Jesus en die Koninkryk van God uit die Bybel gehoor nie. Daar is egter 'n bereidheid om te luister. Ongeveer 560 000 Jola woon in drie lande in Wes-Afrika (Senegal, Gambië en Guinee-Bissau). Die meeste van hulle, sowel Moslems as Katolieke, handhaaf tot 'n mate die tradisionele animistiese gelowe en praktyke, insluitende die vrees vir toordery, bose geeste en vervloekings. Tans verklaar 90% van die Jola dat hulle Moslem is - slegs 2% is Christene. Bid dat die lig van Christus in die Jola se nedersettings en dorpe sal skyn. Vra dat hulle drome en visioene van Christus sal kry en dat hulle hulle vertroue in Hom sal stel. Bid veral vir die redding van die hoofmanne, godsdienstige leiers en ouer mans. Bid dat die plaaslike en nie-inheemse gelowiges die Woord van God op verskillende maniere by die Jola sal kan uitbring en dat die oorblywende gedeelte van die Nuwe Testament gou vir hulle beskikbaar sal wees. Bid dat die Jola oop en ontvanklik sal wees om die Woord in hulle eie taal te hoor, te verstaan en te glo.